2017/06/19
09:12 AM

Graan SA Oggend Markkommentaar

	DATUM 2017/06/19	DATUM 2017/06/15			+ - WEEK GELEDE 2017/06/12		+ - MAAND GELEDE 2017/05/15		+ - JAAR GELEDE 2016/06/14	
	Data	Δ	Δ%	*Data*	Δ%	*Data*	Δ%	*Data*	Δ%	*Data*
DJIA-index	21384	9.72	0.0%	21375	0.5%	21272	2.8%	20805	21.0%	17675
Goud (Spot)	1251.91	-13.08	-1.0%	1264.99	-1.2%	1267.62	0.0%	1252.39	-2.6%	1285.08
Brent $/vat	47.18	0.00	0.0%	47.18	-2.6%	48.45	-12.7%	54.04	-3.9%	49.10
1 € / US$	1.1207	0.000	0.0%	1.1207	0.0%	1.1212	0.2%	1.1189	0.0%	1.1205
1 US$ / ZAR	12.81	0.190	1.5%	12.62	-0.4%	12.86	-3.0%	13.21	-16.2%	15.29
Corn	R 1 936.52	64	3.4%	R 1 873.02	*CBOT Corn Jul cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Jul 12:00 the previous day					
Wheat	R 2 189.87	136	6.6%	R 2 054.22	* CBOT Wheat Jul cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Jul 12:00 the previous day					
Soybeans	R 4 419.75	103	2.4%	R 4 317.10	* CBOT Soy Jul cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Jul 12:00 the previous day					
Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)										
Corn May 17	384.00	7.00	1.9%	377.00	-1%	387.00	3%	372.00	-15%	453.50
Wheat May 17	465.25	22.25	5.0%	443.00	5%	445.00	7%	435.00	-15%	549.75
Soybeans May 17	939.00	8.00	0.9%	931.00	0%	941.00	-1%	953.00	-14%	1089.75
SORGHUM Jul '17	2757.00	0.00	0.0%	2757.00	-3.3%	2850.00	-4.9%	2900.00	-26.8%	3765.00
WMAZ Spot	1741.00	5.00	0.3%	1736.00	-1.5%	1768.00	-2.8%	1791.00	-64.6%	4916.00
WMAZ July 17	1753.00	-2.00	-0.1%	1755.00	-2.0%	1788.00	-2.2%	1792.00	-47.3%	3326.00
WMAZ Sept 17	1814.00	-2.00	-0.1%	1816.00	-1.8%	1848.00	-2.1%	1852.00	-63.6%	4979.00
YMAZ Spot	1864.00	-2.00	-0.1%	1866.00	-1.7%	1897.00	-1.4%	1891.00	-50.8%	3792.00
YMAZ July 17	1877.00	-9.00	-0.5%	1886.00	-2.1%	1917.00	-1.8%	1912.00	-42.1%	3241.00
YMAZ Sept 17	1930.00	-9.00	-0.5%	1939.00	-2.1%	1972.00	-2.0%	1970.00	-50.1%	3870.00
SOY Spot	4510.00	-2.00	0.0%	4512.00	-0.7%	4543.00	-3.7%	4682.00	-42.8%	7886.00
SOY July 17	4553.00	3.00	0.1%	4550.00	-0.8%	4588.00	-4.3%	4757.00	-42.5%	7921.00
SUN Spot	4505.00	39.00	0.9%	4466.00	-0.6%	4530.00	-3.8%	4685.00	-32.3%	6655.00
SUN July 17	4559.00	43.00	1.0%	4516.00	-0.6%	4587.00	-5.0%	4800.00	-32.0%	6705.00
WHEAT Spot	4510.00	0.00	0.0%	4510.00	0.6%	4484.00	1.3%	4450.00	-5.8%	4787.00
WHEAT July 17	4471.00	-9.00	-0.2%	4480.00	0.3%	4458.00	1.7%	4397.00	-7.3%	4824.00
WHEAT Dec 17	4198.00	-5.00	-0.1%	4203.00	0.0%	4196.00	0.0%	4200.00	-11.5%	4743.00
NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE										

Markoorsig: Die rand verhandel effens sterker as Donderdag-middag se vlakke. Die rand het verlede week verswak ná 'n rentekoersverhoging deur die VSA se Federale Reserwebank, wat rentekoerse verhoog het met 25 basispunte en die voorspelling vir nog 'n verhoging in 2017. Die plaaslike geldeenheid het sedertdien in 'n noue band gebly en tans verhandel dit teen sowat R12.81 teenoor die dollar. Brent-ruoliepryse bly steeds onder druk en is bykans onveranderd vanaf die vorige week se gerapporteerde vlakke. Olieprys het 'n ses maande laagtepunt bereik as gevolg van stygende olieproduksie in die VSA en 'n voortdurende kommer oor groot globale voorrade. Tans verhandel Brent-ruolie teen ongeveer $ 47.10 per vat.

Mielies: Amerikaanse mielieprys het vir die tweede dag na mekaar hoër geëindig, maar pryse was steeds laer vir die week. Prys het daarin geslaag om die dag hoër te eindig ten spyte van voordelige reënvoorspellings vir die Mid-Weste vir die volgende 7 dae, in Iowa en Noord-Illinois. Weerstoestande oor die naweek het die voorspelde storms oor Illinois bevestig, aangesien mielielande in daardie gebied oorstroom is met reën. Intussen is warm en droë weer 'n bron van kommer vir oeste in Dakota. Die weer bly 'n primêre bekommernis, met die mark wat op die USDA se gewastoestande verslag wag wat Maandag vrygestel word, terwyl die mielie-oes verlede week 67% goed / uitstekend was. **Plaaslik:** Plaaslike mielieprys het laer vir bykans alle kontrakmaande voor die 3-dag naweek afgesluit. Die witmielie "Spot prys" was die enigste kontrakmaand wat beskeie winste getoon het. Dit het met 0,3% hoër teen R1 741 per ton geëindig. Intussen het die geelmielie "Spot" effens laer geëindig. Die Julie en September kontrak maande het met 'n paar rand negatief geëindig.

Sojabone: Sien die weeklikse oliesadeverslag

Koring: Amerikaanse koringprys het gevolg en het hoër vir die tweede dag op die rug van kommer oor die weer in die noordelike vlakte geëindig. Amerikaanse koringmarkte was die hoogste in 'n jaar ná Vrydag se sterk winste. Kommer oor die weer in Europa en Australië het ook 'n invloed op hoër koringpryse gehad; met 'n hittegolf wat in Europa verwag word, waar die oes volgende maand geoes word, terwyl nuwe koring droë toestande in Australië ondervind het. Die oes is tans aan die gang in die VSA, wat na Kansas verskuif het. Die opbrengs en proteïen data moet insig gee in hoe die oes die siekte en die laat lente storm oorleef. **Plaaslik:** Plaaslike koringprys het gemeng geëindig, tussen onveranderd en laer vir Donderdag. Die koring "Spot" het onveranderd op R4 510 geëindig. Die Julie en Desember kontrak het laer geëindig, met beskeie verliese in die ligte verhandeling. Die aandag bly steeds op die broodnodige reën in die Wes-Kaap, wat oor die algemeen droog lyk, maar met die moontlikheid van reënval hierdie week, met sommige dele wat na verwagting droog bly.

Plaaslike Markinsigte & Data: *www.grainsa.co.za /www.sagis.co.za*
Internasionale Markinsigte & Data: *www.usda.co.za*
***Opgestel deur**:Michelle Mokone & Luan Van der Walt/ **Vir navrae, kontak**:Michelle@grainsa.co.za & Luan@grainsa.co.za*
Dankie aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek

Everything has been done to ensure the accuracy of this information, however Grain SA takes no responsibility for any losses or damage incurred due to the usage of this information.